



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

2 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n antwoordboek van 10 bladsye.

172Q1J2102

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Skryf jou eksamennommer en sentrumnommer op elke bladsy in die ANTWOORDBOEK.
 4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 5. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Die volgende inligting is verkry uit die boeke van Koning Produsente:

PRODUKSIEBEHEER

Saldo	110 000	Toegepaste bokoste	?
Materiaalbeheer	45 000	Saldo	?
Arbeidsbeheer	75 000		
Eindprodukte	135 000		

- 1.1.1 Noem enige fout in bostaande grootboekrekening. MOENIE die grootboekrekening oorskryf nie.  (2 x 2) (4)
- 1.1.2 Bereken die toegepaste bokoste as dit op 80% van direkte arbeid toegepas word. (2)
- 1.1.3 Hoeveel is die saldo wat afgedra is? (2)
- 1.1.4 Wat beteken die *syfer van eindprodukte*? (2)


1.2 Fourie Algemene Handelaars gee vir jou die volgende inligting rakende hul kredietvoorwaardes wat hulle aan hul klante bied:



Verkoopsyfers word soos volg geraam:

	BEDRAG
Julie	195 000
Augustus	170 000
September	200 000
Oktober	?
November	?
Desember	?

BYKOMENDE INLIGTING

- 75% van alle verkope is op krediet. Daar word verwag dat verkope met 15% per maand sal styg.
- Die maatskappy bied 5%-afslag op kontantverkope.
- Debiteure betaal gewoonlik hul rekening soos volg:
50% in die maand van verkope
35% ná 30 dae
10% ná 60 dae 
Die res is oninbaar.

VEREIS

1.2.1 Bereken die geraamde verkope van Oktober tot Desember. (3)

1.2.2 Hoeveel sal in Oktober uit die kredietverkope van Augustus ingesamel word? (2)



1.2.3 Bereken die bedrag slegte skuld van Julie tot Desember. (6)

1.3 Die volgende inligting is verkry uit die rekords van Debra Produsente:


Totale materiaalkoste-afwyking:

= Materiaaluitreikprys-afwyking + Materiaalhoeveelheid-afwyking

= 6 600 (ONG) + 1 500 (ONG)

= 8 100 (ONG)

BYKOMENDE INLIGTING

- Volgens standaardinligting word 10,5 kg teen R15,00 per kg per eenheid verkry.
- 2 200 kg van die materiaal is aangekoop en gebruik teen R18 per kg.
- 200 eenhede is in die tydperk vervaardig. 

1.3.1 Herbereken die totale materiaalafwyking deur 'n ander formule te gebruik en sê of die afwyking 'Gunstig' of 'Ongunstig' is. (6)

1.3.2 Hoeveel kilogram materiaal moes gebruik word om 200 eenhede te vervaardig? (2)

1.3.3 Hoeveel kilogram materiaal het die onderneming oorgebruik of ondergebruik om 200 eenhede te vervaardig? (2)

1.4 Die volgende rekords is verkry uit die boeke van Phindulo Produsente vir die jaar geëindig 31 Maart 2018.



KONTRAKREKENING

Lone	900 000	Kontrakprys	?
Materiaal uitgereik	1 200 000	Ekstras	50 000
Bokoste	250 000		
Voorsiening vir verborge gebreke	0		
Wins en verlies	700 000		
	3 050 000		3 050 000

BYKOMENDE INLIGTING


- Voorsiening vir gebreke word geraam op 5% van winste.
- Gesertifiseerde werk en kontant tydens die periode ontvang bedra R3 050 000.

VEREIS

- 1.4.1 Bereken die kontrakprys. (2)
- 1.4.2 Sê of die bedrag aangetoon vir wins en verlies korrek is of nie. Gee 'n rede vir jou antwoord.  (2)
- 1.4.3 Hoeveel geld is deur die kontrakgewer teruggehou? (2)
- 1.4.4 Noem TWEE nadele van 'n kosteplus-kontrak. (2 x 2) (4)
- 1.5 Katoen Bpk, vervaardigers van seunsdenimbroeke, verskaf die volgende inligting aan jou vir die jaar geëindig 31 Mei 2018: 

BESKRYWING	BEDRAG
Totale koste	R35 000
Netto inkomste	R15 500
Grensinkomste	R19 000
Geraamde eenhede verkoop	800
Verkope	R60 000

Bereken die volgende en rond af tot die naaste rand:

- 1.5.1 Vaste koste  (1)
- 1.5.2 Winsdrempel-hoeveelheid (5)
- 1.5.3 Winsdrempel-waarde (3)
- [50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

Benedict en Seuns is vervaardigers van skoolsakke en gebruik twee soorte materiaal.

Die volgende inligting is 'n uittreksel van hul rekords:

**STANDAARDINLIGTING**

Die maatskappy gebruik 2,5 kg van materiaal A teen 'n standaardkoers van R50,00 per kg en 3,5 kg van materiaal B teen R20,00 per kg.

Vyf arbeidsure word vereis om een eenheid te vervaardig. Die standaardkoers vir arbeid is R32,00 per uur.

Die werklike rekords van die onderneming weerspieël die volgende:

150 skoolsakke is vervaardig.

Materiaal: 465 kg van materiaal A @ R61,50 per kg

735 kg van materiaal B @ R18,50 per kg

Lone: 1 250 uur @ R45 000

**VEREIS**

Bereken die volgende afwykings en sê of elke afwyking 'Gunstig' of 'Ongunstig' is:

- | | | |
|-----|---|------|
| 2.1 | Prys van materiaal vir materiaal A | (5) |
| 2.2 | Hoeveelheid materiaal vir materiaal A en B | (10) |
| 2.3 | Arbeidskoers | (5) |
| 2.4 | Arbeidsdoeltreffendheid | (5) |
| 2.5 | Herbereken die arbeidskoersafwyking as die totale uur gemeet 1 500 uur was. | (3) |
| 2.6 | Gee TWEE redes vir die afwyking in VRAAG 2.5. | (2) |

[30]

VRAAG 3

- 3.1 Modeslaaf Bpk vervaardig DRIE verskillende produkte. Die inligting hier onder is 'n uittreksel van hul rekords vir Junie 2018:



	PRODUK A	PRODUK B
Materiaal	9 kg @ R15 per kg	12 kg @ R8 per kg
Arbeid	2 uur @ R14 per uur	3 uur @ R6 per uur
Bokoste	1 uur @ R10 per uur	2 uur @ R7,50 per uur
Produksie	10 000 eenhede	12 000 eenhede
Aanvangsvoorraad	25 000	18 000
Eindvoorraad	15 000	12 000

Stel die volgende begrotings op:

- 3.1.1 Materiaalbegroting (12)
- 3.1.2 Arbeidsbegroting (4)
- 3.2 Die volgende inligting word deur Kronjie Vervaardigers verskaf:

Begrote eenhede	105 000
Materiaal	R350 000
Arbeid	R400 000
Veranderlike bokoste	R600 000
Vaste bokoste	R450 000

BYKOMENDE INLIGTING

- Vaste koste bly dieselfde tot 150 000 eenhede en verhoog dan met 15%.
- Die verwagte verkoopsprys per eenheid is R25,00.



Voltooi die volgende tabel deur die ontbrekende syfers by die vraagtekens in te vul. Rond jou antwoorde tot twee desimale af.


	EENHEIDSPRYS	130 000 EENHEDE	180 000 EENHEDE
Materiaal	?	?	?
Arbeid	?	?	?
Veranderlike bokoste	?	?	?
Vaste bokoste		?	?
Totale koste		?	?
Totale verkope	R25		



(14)
[30]

VRAAG 4

Beantwoord die vrae oor die grafiek.



4.1 Bereken die volgende en toon al jou berekeninge:

- 4.1.1 Verkoopsprys per eenheid
- 4.1.2 Totale koste per eenheid
- 4.1.3 Veranderlike koste per eenheid
- 4.1.4 Grensinkomste per eenheid
- 4.1.5 Veiligheidsmarge in eenhede
- 4.1.6 Veiligheidsmarge in rand

(6 × 2) (12)

4.2 Beantwoord die volgende rakende die grafiek in VRAAG 4:

- 4.2.1 Benoem lyn AD. (1)
- 4.2.2 Benoem lyn DE. (1)
- 4.2.3 Verduidelik die betekenis van punt G. (2)
- 4.2.4 Benoem area J. (1)
- 4.2.5 Benoem area I. (1)
- 4.2.6 Benoem area H. (1)
- 4.2.7 Benoem area K. (1)

- 4.3 Tiffany Houtverskaffers gee vir jou die volgende foutiewe inkomstestaat wat deur hul nuut aangestelde boekhouer opgestel is:



INKOMSTESTAAT

Veranderlike produksiebokoste	24 000
Plus: Vaste produksiebokoste	6 500
Grenskoste	30 500
Minus: Veranderlike produksiebokoste	(25 000)
Direkte materiale	(10 000)
Vaste verkoops- en administratiewe koste	(5 000)
Direkte arbeid	(15 000)
Bruto verlies	(24 500)
Plus: Verkope	300 000
Netto wins	275 500

VEREIS

Berei die inkomstestaat korrek volgens die direkte koste-metode voor.

(10)
[30]

VRAAG 5

Beantwoord die vrae rakende die volgende:



BESONDERHEDE	KONTRAK TXT
Kontrakprys	R45 000 000
Materiale uitgereik	R1 800 000
Lone betaal	R1 200 000
Bokoste	R3 500 000
Materiaal aan verskaffers teruggestuur	R65 000
Materiaal na kontrak TBT van kontrak TXT oorgedra	R750 000
Waardevermindering	R350 000
Gesertifiseerde werk	R15 000 000
Ongesertifiseerde werk	R1 200 000
Kontant ontvang	R35 000 000
Totale verwagte koste vir die kontrak	R28 000 000
Ekstras	R5 500 000
Voorsiening vir verborge gebreke	10% van wins

VEREIS

- 5.1 Berei die kontrakrekening vir kontrak TXT voor. (12)
- 5.2 Bereken die persentasie van voltooiing van die kontrak met die kostegrondslag-formule. (2)
-
- 5.3 Bereken die totale geraamde wins. (4)

5.4 Bereken die wins vir die jaar deur die volgende formule te gebruik:

$$\% \text{ voltooi} \times \frac{\text{totale geraamde wins}}{1} \times \frac{\text{kontant ontvang}}{\text{gesertifiseerde werk}} \quad \text{🚌} \quad (8)$$

5.5 Bereken die aangepaste wins vir die jaar deur die voorsiening vir die verborge gebreke in berekening te bring.

(4)
[30]

VRAAG 6

Toeka Bpk vervaardig tafels deur twee soorte materiale, hout en staal, te gebruik.

Die maatskappy is tans besig met twee take, naamlik Taak Alfa en Taak Beta.

SALDO'S OP 1 JANUARIE 2017

Produksierekening	130 000	
Beheerrekening basiese produkte	85 000	
Toegepaste bokoste-rekening	125 000	
Kostegrootboek:		
Taak Alfa	62 000	
Taak Beta	68 000	
Materiaalgrootboek:		
Hout	55 500	
Staal	12 500	🚌




TRANSAKSIES GEDURENDE DIE JAAR

Arbeid			R95 000
Bokoste			R101 000
Materiale uitgereik:	Taak Alfa	Taak Beta	
Hout	25 000	6 500	
Staal	5 500	2 250	

BYKOMENDE INLIGTING

- Verkoops- en administratiewe koste ten bedrae van R55 000 is eweredig aan Taak Alfa en Taak Beta toegewys.
- 5 000 uur is tydens die periode gemeet en gewerk.
- Taak Alfa is voltooi en die faktuur was 65% op die kosprys.
- Die opsomming van arbeidsure is soos volg:
Taak Alfa: 2 500 uur
Taak Beta: 2 500 uur 🚌
- Bokoste is teen 85% van direkte materiaalkoste toegepas.

VEREIS

6.1	Voltooi die rekeninge vir die volgende take in die kostegrootboek:		
			
6.1.1	Taak Alfa		
6.1.2	Taak Beta	(5 x 2)	(10)
6.2	Voltooi die transaksies in die volgende algemengrootboek-rekeninge:		
6.2.1	Materiaalbeheerrekening 		(3)
6.2.2	Produksiebeheerrekening		(6)
6.2.3	Produksiebokoste-beheerrekening		(3)
6.2.4	Toegepaste bokoste-beheerrekening		(2)
6.3	Berei die taakkosteberekening-staat vir die voltooide taak voor.		(6)
			[30]
		TOTAAL AFDELING B:	150
		GROOTTOTAAL:	200